# SUID-AFRIKA EN NEDERLAND — VREEMDELINGE VIR MEKAAR. DIE JARE NA 1960

**H.0. Terblanche**
*Departement Geskiedenis*
*Universiteit van Port Elizabeth*
*Posbus 1600*
*6000 Port Elizabeth*

**South Africa and the Netherlands — strangers to each other. The years from 1960**

The relationship between two related nations can very often be emotionally charged. The Dutch and the Afrikaners always had a love-hate relationship. They harboured divergent expectations of one another on grounds of ties of kinship. As a result of the Second World War the Dutch abhorred anything associated with racialism or racial discrimination. For that reason apartheid was fundamentally and on principle, unacceptable to them. After Sharpeville the opinion was widely held in the Netherlands that the apartheid policy could no longer be regarded as an internal affair, because it violated basic human rights and threatened world peace. The sixties were characterised by a cultural revolution and diverse political protest movements in the Netherlands. The Dutch developed an international outlook; in contrast the Afrikaner sought his salvation in nationalism and isolation. The holier than thou attitude of the Dutch as regards foreign policy estranged them even further from the Afrikaners. Leading figures of the Anti-Revolutionary Party (a Christian Protestant party) developed a feeling of solidarity with the weak and the oppressed throughout the world. Conceptual and psychological aspects of language usage, which can give rise to misunderstanding, also accentuated the process of estrangement.

Die verhouding tussen twee stamverwante volke kan heel dikwels erg emosioneel verloop. Nederlanders en Afrikaners het nog altyd 'n spesiale haat-liefde verhouding met mekaar gehad. Die twee stamlande het op grond van die historiese bande van stamverwantskap uiteenlopende verwagtinge van mekaar gekoester. Die Tweede Wêreldoorlog het tot gevolg gehad dat die Nederlanders 'n intense weersin ontwikkel het in alles wat verband hou met rassisme of rassediskriminasie. Daarom was apartheid fundamenteel en prinsipieel onaanvaarbaar vir die Nederlanders. Na die gebeure by Sharpeville is die mening wyd in Nederland gehuldig dat die apartheidsbeleid nie langer as 'n binnelandse aangeleentheid beskou kon word nie, omdat dit die basiese menseregte skend en selfs die wêreldvrede bedreig. Die jare sestig in Nederland is gekenmerk deur 'n kulturele revolusie en diverse politieke protesbewegings. Die Nederlanders het 'n internasionalistiese lewensuitkyk ontwikkel; daarenteen het die Afrikaner se krag in nasionalisme en isolasie gelê. Die morele sendingsdrang van Nederland ten opsigte van buitelandse beleidsake het hom verder die gramskap van die Afrikaner op die

hals gehaal. Leiersfigure van die Anti-Revolutionaire Partij ('n Christelik-Protestantse party) het 'n wêreldwye solidariteit ontwikkel met die swakkes en verdruktes. Die taalverskil tussen Nederlands en Afrikaans, wat tot misverstande aanleiding kan gee, het die vervreemdingsproses verder geaksentueer.

## 1. Inleiding

In hierdie artikel word gefokus op die vervreemdingsproses wat tussen Suid-Afrika en Nederland ingetree het. G.D. Scholtz maak die stelling dat die noue band tussen Afrikaner en Nederlander "deur die Tweede Wêreldoorlog sonder hul toedoen plotseling verbreek is ... Die oorlog het 'n groot deel van die Nederlanders geestelik laat verander; die oorgrote meederheid van die Afrikaners het geestelik gebly wat hulle was. Die onmiddellike gevolg hiervan was dat daar vir die eerste maal verwydering tussen die Afrikaners en 'n groot deel van die Nederlanders ontstaan het".[1]

Die feit dat Nederland en die Afrikaners in 'n steeds toenemende mate geestelik van mekaar vervreemd geraak het, was veral vir die Afrikaner 'n pynlike ervaring. *Die Burger* het reeds in 1948 in 'n hoofartikel onder die opskrif "Vreemd Geword" daaraan uitdrukking gegee. Volgens *Die Burger* het daar in Nederland "'n nuwe geslag opgestaan wat Josef nie geken het nie. In die Nederland van vandag waai 'n ander wind, 'n wind wat die nasionale Afrikanerdom ysig in die gesig blaas en die oë laat water". *Die Burger* het Den Haag verwyt vir sy "botste wanbegrip" en "kil-afwysende houding" jeens die nasionale Afrikaner. Die Afrikaner verwag om in die Nederlandse pers "'n ander toon aan te tref as in die Britse, Amerikaanse, Franse of Russiese".[2]

Die jare vyftig is gekenmerk deur 'n verbetering in Nederlands-Suid-Afrikaanse betrekkinge. Kulturele bande is verstewig, veral vanweë die Kulturele Verdrag wat in 1951 gesluit is.[3] Die gebeure by Sharpeville op 21 Maart 1960 toe 69 swartmense deur die polisie doodgeskiet is, het 'n keerpunt in die betrekkinge tussen die twee stamlande verteenwoordig. Nederland het met skok en morele verontwaardiging gereageer. Minister-president dr J.E. de Quay het dit den ook duidelik gestel dat "de apartheidspolitiek in Nederlandse ogen geen genade zal vinden".[4] Selfs prins Bernhard het hom in 1963 in 'n biografie wat oor hom verskyn het, skerp uitgelaat oor Suid-Afrika se apartheidsbeleid. Volgens die Amerikaanse skrywer, Alden Hatch, het prins Bernhard die beleid van rasseskeiding "rampzalig" gevind en was hy bang dat "er daar nog eens een massale opstand zal komen en veel bloedvergieten".[5]

Die gebeure by Sharpeville was 'n keerpunt wat die wêreldmening oor Suid-Afrika se apartheidspolitiek betref. Karel Roskam, wat'n leidende rol gespeel het in die Nederlandse anti-apartheidsveldtog, het daarop gewys dat dit eers na die Sharpeville-voorval was "that an

---

G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, Deel VIII, 1939-1948* (Johannesburg en Kaapstad, 1984), pp. 77-78.

*Die Burger*, hoofartikel, 14 Junie 1948.

W.G. Hendricks, "Die betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika 1946-1961" (Ongepubliseerde DPhil-proefskrif, UWK, 1984); S.E. van der Watt, "Die opsegging van die kultuurverdrag Nederland/Suid-Afrika - 'n kritiese ontleding" (Ongepubliseerde MA-verhandeling, UOVS, 1992).

4. G.J. Schutte, *De roeping ten aanzien van het oude broedervolk. Nederland en Zuid-Afrika, 1960-1990* (Amsterdam, 1993), p. 18.

5. *Algemeen Dagblad*, 5 Augustus 1963; *Trouw*, 5 Augustus 1963.

ever increasing section of the Dutch public started to oppose apartheid and to support the cause of the liberation movements ...". Die Nederlanders het toe vir die eerste keer met morele verontwaardiging gereageer op die apartheidspolitiek. Ná Sharpeville, aldus Roskam, "Dutch public indignation grew and churches, trade-unions, political parties began to take an interest in South Africa developments. A whole range of anti-apartheid groups emerged ...". Hy maak dan ook die volgende stelling: "The shooting at Sharpeville, for all practical purposes, marks the beginning of the Dutch anti-apartheid movement ...".[6] Vandaar dan die klem wat dié artikel plaas op die jare ná 1960, veral wat die vervreemdingsproses tussen stamverwante volke betref.

Die jare sestig was ook om 'n ander rede van besondere betekenis wat Nederlands-Suid-Afrikaanse betrekkinge betref: "De kritische dialoog. Dat was in de jaren '60 de leus ... De jaren '60 waren vol van initiatieven tot kritische dialoog", aldus G.J. Schutte.[7] Die bekendste poging tot kritiese dialoog was die unieke en verbeeldingryke joernalistieke onderneming wat *Trouw*, die Protestants-Christelike dagblad van Amsterdam, en *Die Burger*, invloedryke Nasionale dagblad van Kaapstad, in 1963 en 1964 aangepak het. Hulle het naamlik by twee geleenthede, 13 Desember 1963 en 26 November 1964, bladsye geruil oor die Suid-Afrikaanse apartheidsbeleid. Die bladsyeruil het die mees intensiewe bespreking van Suid-Afrikaanse sake afgegee wat Nederland in lange jare belewe het.[8]

Wanneer die oop gesprek tussen *Trouw* en *Die Burger* ontleed word, val die prinsipiële verskille in die politieke denke van die twee koerante op. Soos Ben van Kaam, rubriekskrywer van *Trouw*, dit aan Tobie Boshoff, Londense verteenwoordiger van *Die Burger*, gestel het: "Soms overvalt me een gevoel van wanhoop. De kloof tussen onze bladen en onze denkwereld is heel diep".[9] In sy opstel, "Nederland en de apartheid", het J.W. van der Meulen dan ook tot die gevolgtrekking gekom: "In feite zijn Nederland en Zuid-Afrika vreemden voor elkaar gebleven, en dat heeft gemaakt dat ook in de leidende intellectuele kringen van beide landen vaak een merkwaardig gebrek aan kennis over elkaars samenleving heeft geheerst, zelfs bij mensen die op zichzelf voorstander zijn van nauwere betrekkingen".[10] Politieke geskilpunte, aldus die *Algemeen Handelsblad*, het daarop gedui: "... hoe weinig twee volken, die één taal spreken, elkaar in wezen verstaan. Ondanks goede wil aan beide kanten".[11]

Hierdie artikel gaan meer aandag skenk aan die Nederlandse ontwikkeling, omdat die Nederlandse samelewing diep ingrypend verander is deur die kulturele revolusie van die jare sestig. Die Afrikaner is nie hierdeur geraak nie, veral vanweë sy geïsoleerde bestaan. Die kulturele revolusie en die opkoms van nuwe denkbeelde in Nederland het regstreekse implikasies gehad vir Nederlands-Suid-Afrikaanse betrekkinge. Dit sou onder meer die

---

6. Karel Roskam (ed), *Papers of Dutch anti-apartheid organisations, 1959-1994* (Mayibuye Centre, Bellville, 1994), pp. 1, 58-59, 63. Volgens Roskam het die Nederlandse publiek as gevolg van die Sharpeville-skietery die Afrikaners in 'n ander lig gesien: "The Afrikaners were no longer the heroes of yesterday, but the white minority was now seen to be the perpetrator of heinous crimes".
7. G.J. Schutte, *De roeping ten aanzien van het oude broedervolk. Nederland en Zuid-Afrika, 1960-1990*, p. 33.
8. H.O. Terblanche, "Kritiese dialoog tussen stamverwante. Die paginaruil tussen *Trouw* en *Die Burger*, 1963-1964" (Ongepubliseerde manuskrip, Port Elizabeth, 1997).
9. Brief van Ben van Kaam aan Tobie Boshoff, 5 Julie 1964 (P.J. Cillié-versameling, US).
10. G.J. Schutte, *De Roeping ten aanzien van het oude broedervolk. Nederland en Zuid-Afrika, 1960-1990*, p. 58.
11. *Algemeen Handelsblad*, hoofartikel, 13 Julie 1964.

geestelike kloof tussen die twee "broedervolke" verdiep. Volgens die invloedryke Nederlandse joernalis, Jerome Heldring, het die volgende faktore aanleiding gegee tot die "kulturele revolusie" in Nederland: die opkoms van 'n nuwe generasie, die invloed van televisie, groeiende welvaart, beter opvoedkundige geleenthede, en die proses van demokratisering en van sekularisasie.

Hierdie "revolusie", wat eintlik geen impak op Suid-Afrika gehad het nie, het die Nederlandse samelewing tot in sy fondamente geskud. Heldring wys onder meer op die verskynsel van kerklosheid en kerkloosheid, die opkoms van die "New Left" in die Partij van de Arbeid, die traumatiese naweë van die Tweede Wêreldoorlog, die jonger generasie se opstand teen gesag en die "establishment", en 'n gees van wêreldwye solidariteit met onderdrukte groepe.[12] Die bedoeling van hierdie artikel is dan om die vervreemdingsproses wat noodwendig sou intree tussen Nederlander en Afrikaner op 'n geordende en analitiese wyse te bespreek. 'n Tiental faktore of fasette sal aan die orde kom. Uiteraard kan hierdie aspekte van verwydering slegs oorsigtelik bespreek word.

## 2. Stamverwantskap

Die vervreemding wat tussen Suid-Afrika en Nederland ingetree het, was nie 'n vervreemdingsproses tussen vreemdelinge nie, maar tussen stamgenote. Die verhouding tussen twee stamverwante volke ken heel dikwels erg emosioneel en stormagtig verloop. B.J.H. de Graaff het in sy doktorale proefskrif pertinent melding gemaak van "de speciale haat-liefde verhouding die Nederlanders en Afrikaners met elkaar hebben". Hy het daarby gevoeg dat "de stamverwantschapsidee loopt als rode draad door de geschiedenis van de Nederlandse belangstelling voor Zuid-Afrika vanaf 1880".[13]

G.J. Schutte het dit baie duidelik gestel: "Met geen volk ter wereld hebben de Nederlanders zo 'n uitzonderlijke verhouding als met hun neven in zuidelijk Afrika. Historisch gezien verbinden de nauwste banden Afrikaners en Nederlanders". Hierdie bande verwys veral na herkoms, taal, kultuur en godsdiens. Wanneer Schutte na die Afrikaners verwys, gebruik hy ook die term "Afrikaner neven".[14] Volgens De Graaff is die Afrikaans-Nederlandse stamverwantskap 'n onweerlegbare historiese en kulturele feit. Maar hy het daaraan toegevoeg: "De idee dat Nederlanders en Afrikaners elkaar op basis van deze verwantschap goedgezind (zouden moeten) zijn is echter een mythe". Nederlanders en Afrikaners moet daarom nie voorkeurbehandeling van mekaar verwag nie.[15]

Die twee stamlande het op grond van die stamverwantskap uiteenlopende verwagtinge van mekaar gekoester. Suid-Afrika het byvoorbeeld méér begrip, simpatie en steun in Nederland vir die apartheidsbeleid verwag. Nederland weer het "als voormalig broederland meer dan enige andere natie de taak zijn invloed te doen gelden ...".[16] Nederland sou dus

---

12. Jerome Heldring, *Changes in Dutch society and their implications for Netherlands-South African relations* (Braamfontein, 1984), pp. 3-9.
13. B.J.H. de Graaff, *De mythe van de stamverwantschap. Nederland en de Afrikaners 1902-1930* (Amsterdam, 1993), pp. V, 20.
14. G.J. Schutte, *Nederland en de Afrikaners: adhesie en aversie. Over stamverwantschap, Boerenvrienden, Hollanderhaat, Calvinisme en apartheid* (Franeker, 1986), pp. 7, 9.
15. B.J.H. de Graaff, *De mythe van de stamverwantschap. Nederland en de Afrikaners 1902-1930*, stofomslag, pp. 21-23.
16. Brief van vyftien vooraanstaande Nederlanders aan minister-president Marijnen. Kyk *Algemeen Handelsblad*, 6 November 1963; *NRC*, 6 November 1963.

vanuit die tradisie van stamverwantskapsgevoelens druk op Suid-Afrika uitoefen om die apartheidsbeleid te laat vaar. Hierdie uiteenlopendheid van verwagtinge het beslis bygedra tot die vervreemdingsproses.

Nederlanders het hulle nog altyd vanweë die bande van stamverwantskap emosioneel betrokke gevoel by gebeurtenisse in Suid-Afrika. Dit word geïllustreer deur die mening van Ben van Kaam, een van die stigters van die anti-apartheidswerkgroep *Kairos*: "Als iemand in je familie een moord pleegt, trek je je dat meer aan dan wanneer een wildvreemde dat doet. Zo ben je bij Zuid-Afrika ook meer betrokken dan bij een conflict in Siberie".[17] Familierusies is dan ook dikwels onverkwiklik, want, aldus die destydse Nederlandse Minister van Buitelandse Sake, H. van den Broek, "men pleegt verwanten het meest hard te vallen".[18]

## 3. Uitwerking van die Tweede Wêreldoorlog

Die Tweede Wêreldoorlog was in meer as een opsig 'n waterskeidingsgebeurtenis. Allister Sparks het in dié verband verwys na "the revolution in racial attitudes that occurred halfway through it, which caused the great imperial powers of the West to withdraw their hegemony over billions of coloured people around the globe ... and replacing the old assumption of white superiority with a new concept of the equality and dignity of man". Dit het tot gevolg gehad dat "nonracism is now a moral norm by which the postwar world judges the behaviour of individuals and nations ... on this one issue at least the postwar world reached a consensus: any public declaration of racism is morally objectionable".[19]

Die Tweede Wêreldoorlog het 'n diepgrypende sielkundige uitwerking op die volksgemoed van die Nederlanders gehad, soveel so dat Suid-Afrika en Nederland sedert 1945 geestelik al hoe meer van mekaar verwyderd geraak bet. Diepgaande filosofiese verskille sou die twee stamlande vreemdelinge vir mekaar maak. Vanweë die Duitse besetting en die vervolging van die Jode het die Nederlanders 'n intense weersin ontwikkel in alles wat enigsins verband hou met rassisme of rassediskriminasie. P.J. Cillié, hoofredakteur van *Die Burger*, was van mening dat selfs leidende Afrikaners geen behoorlike insig het "in die trauma wat Nederland in en as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog moes deurmaak nie: die bombardering van Rotterdam, die Duitse oorrompeling, die besetting met sy opsluitings, deportasies en teregstellings, die verlies van kolonies in die Ooste en die Weste ...".[20]

Berigte oor die sogenaamde pro-Nazi-houding van baie Afrikaners in die oorlog het tot verdere verwydering bygedra. Terwyl die Nederlanders met afgryse vervul is deur die rassewaan van die Nazi's en die vervolging van die Jode, bet die Afrikaner-nasionaliste hulle hoop gevestig op 'n Duitse oorwinning.[21]

Nederland bet in September 1994 die bevryding van 'n groot deel van die land vyftig jaar tevore gevier. By die geleentheid het M. van der Stoel, Minister van Staat, gewys op

---

17. B.J.H. de Graaff, *De mythe van de stamverwantschap. Nederland en de Afrikaners 1902-1930*, p. 16.
18. G.J. Schutte, *De roeping ten aanzien van het oude broedervolk. Nederland en Zuid-Afrika, 1960-1990*, pp. 47-48. Kyk ook "Nederland tegen Zuid-Afrika", *Zuid-Afrika*, Mei 1963.
19. Allister Sparks, *The mind of South Africa. The story of the rise and fall of apartheid* (Great Britain, 1994), pp. 183-187. Kyk ook G.D. Scholtz, "Nederlander en Afrikaner" (Ongepubliseerde manuskrip, 1970), p. 90. Die politieke kommentator, R.W. Johnson, het die stelling gemaak dat "fighting apartheid was perhaps the last great moral crusade ..." (*Daily Dispatch*, 18 July 1996).
20. Brief van P.J. Cillié aan H.O. Terblanche, 25 Mei 1994 (In besit van skrywer). Kyk ook Leopold Scholtz, "Twistende neefs raak dalk versoen", *Insig*, November 1990.

H.O. Terblanche, *John Vorster — OB-Generaal en Afrikanervegter* (Roodepoort, 1983), pp. 113-116.

die onuitwisbare indruk wat die besetting van Nederland op hul volksgemoed gemaak het: "De brute inval in ons land, de daaropvolgende gewelddadige besetting met haar onvrijheid en vertrapping van de elementaire rechten van de mens, de executiepelotons, de rassenhaat met alle gruwelijke consequenties van dien, dit alles bracht ons hardhandig aan het verstand wat het betekent te moeten leven onder een totalitair regime".[22]

Die Nederlanders het die Suid-Afrikaanse apartheidsbeleid direk gekoppel aan die rassewaan van die Duitsers met sy oorbeklemtoning van ras. Daarom het die Nederlanders 'n afsku van die woord "ras".[23] 'n Briefskrywer van Bussum het sy standpunt onomwonde gestel: "Wij, Nederlanders hebben tijdens de bezetting door het Duitse 'Herrenvolk' kunnen proeven wat ras-discriminatie betekent. Kent u de borden nog: 'Verboden voor Joden'? In Zuid-Afrika staan ze er nog, anno 1964, d.w.z., 'Verboden voor naturellen, in bussen, restaurants, bioscopen. Neen, mijnheer de Hoofdredacteur, daar moeten we, alleen al uit medemenselijkheid, hardgrondig neen tegen zeggen ... Nogmaals: voor apartheid, waar dan ook, bestaat geen enkel goed woord; daarvoor ruikt het teveel naar 40-'45".[24]

Drs J. Klatter, redakteur buiteland van *Trouw*, het hom hieroor as volg uitgelaat: "Wij erkennen ook, dat de apartheidspolitiek van de Unie het 'slecht treft', namelijk, nàdat Europa, en de wêreld, het oordeel ondergaan hebben van een op rassensuperioriteit gefundeerde orgie, die gevoelige littekens achtergelaten heeft".[25] Die enorme trauma ná Hitler het, volgens Klatter, tot gevolg gehad dat "we voelen ons allen min of meer medeschuldig".[26] Daarom is 'n beleid wat op rasseverskille gegrond is, taboe.

## 4. Apartheid

Apartheid was 'n sentrale fokuspunt wat die hele problematiek rondom stamverwantskap oorheers het. Schutte was daarom heeltemal reg toe hy verklaar het: "De apartheid heeft veel kapot gemaakt, ook in de verhoudingen tussen twee 'broedervolken'".[27]

Bart de Graaff het in 'n studie onder meer die houding van die Gereformeerde dagblad *Trouw* teenoor Suid-Afrika ontleed in die periode 1948-1963. Volgens hom het die Protestants-Christelike koerant tot ongeveer 1958 oorwegend begrip getoon vir die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse situasie. Erkenning is verleen aan die opregtheid van die blankes se strewe om hul eie kultuur en waardes te beskerm. Sedert die laat vyftigerjare en veral sedert die Sharpeville-voorval in 1960, het *Trouw* egter al hoe meer kritiek op die apartheidspolitiek uitgespreek. Die uitvoerbaarheid van die apartheidsbeleid is betwyfel en daarby was die beleid Bybels en moreel onverdedigbaar. *Trouw* het ook daarop gewys dat die apartheidspolitiek strydig met die gees van die tyd was. Die dekolonisasieproses was

---

22. *NRC Handelsblad*, 14 September 1994.
23. J.J. Kruger, "Nederland en Suid-Afrika", *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, Desember 1964. Kyk ook "Nederland en Zuid-Afrika", *Zuid-Afrika*, Oktober 1960.
24. *Bussumse Courant*, 26 November 1964.
25. *Trouw*, 3 Desember 1960.
26. *Vrij Nederland*, 11 Julie 1970.
27. G.J. Schutte, *De roeping ten aanzien van het oude broedervolk. Nederland en Zuid-Afrika, 1960-1990*, p. 56.

volgens *Trouw* die "nieuwe wind, die waait om de Tafelberg".[28]

Apartheid was fundamenteel en prinsipieel onaanvaarbaar vir die meeste Nederlanders. Volgens Ben van Kaam, redaksielid van *Trouw*, het Sharpeville 'n keerpunt verteenwoordig: "Na Sharpeville groeide geleidelijkaan ook bij de *Trouw*redactie het vrij algemene gevoelen in het Westen dat de boel in Zuid-Afrika bezig was spaak te lopen, en dat we eigenlijk altijd al geweten hadden dat de apartheidspolitiek natuurlijk moest uitlopen op een bloedbad".[29] De Graaff het dan ook die stelling gemaak dat die openbare mening in Nederland in die begin van die jare sestig al "goeddeels anti-Zuid-Afrika" was.[30]

*Trouw* se kritiese houding na 1960 was in lyn met die opvattings van die Nederlandse Hervormde Kerk. Dié kerk het in 1962 in 'n herderlike skrywe apartheid verwerp omdat dit rasseverskille verabsoluteer. Sosiale en maatskaplike verskille kan opgehef word, maar rasseverskille nooit: "Daarom is rasdiscriminatie zo 'n afschuwelijk iets. Een mens wordt daardoor vastgenageld op zijn ras, voor altijd. Het blanke ras blijft superieur, het niet-blanke inferieur. Tot aan het einde der dagen". Totaal onaanvaarbaar is dus 'n stelsel waar "aan de zwarten worden politieke rechten en verantwoordelijkheden ontzegd, uitsluitend vanwege het feit, dat zij zwart zijn".[31]

Die mening is wyd in Nederland gehuldig dat die apartheidsbeleid nie langer as 'n binnelandse aangeleentheid beskou kon word nie, omdat dit die basiese menseregte skend. Dit kan selfs die wêreldvrede bedreig. Die ope brief van die vyftien vooraanstaande Nederlanders aan die minister-president in 1963 het gewag gemaak van die feit dat die hele posisie van Wes-Europa, veral ten opsigte van "het huidige machtsevenwicht", geraak word deur die Suid-Afrikaanse problematiek. Die apartheidspolitiek het tot 'n internasionale probleem ontwikkel. Omdat Wes-Europese regerings nie "met krachtiger daden" teenoor Suid-Afrika optree nie, pleit Afrika-state reeds "voor een breuk met West-Europa".[32]

Dr J. Verkuyl, sekretaris van die Nederlandse Sendingraad, het gepleit vir 'n fundamentele hersiening van die apartheidsbeleid in die lig van Gods Evangelie en Wet. Hy het ook die stelling gemaak dat die apartheidsmaatreëls nie alleen die Christendom kompromitteer nie, maar ook die Westerse wêreld: "Want in die oë van die gekleurde volke van Afrika verteenwoordig die blanke bevolking van Suid-Afrika 'die Weste'. Aan die houding van hierdie bevolking meet die jong state van Afrika die gedrag van die Weste".[33] Hiervolgens was dit dus in Nederland se eie belang om sterk teen apartheid op te tree. Globaal-polities gesien, kon Nederland dit nie bekostig het om te na aan Suid-Afrika te staan nie.

---

28. Bart de Graaff en Hub Kockelkorn, "Het beeld van Zuid-Afrika in Nederland, 1948-1963" (Ongepubliseerde doctoraal-scriptie, Rijksuniversiteit Utrecht, 1981), pp. 39-42, 56-60. Kyk ook B.J.H. de Graaff, "De Nederlandse publieke opinie over apartheid 1948-1963: van begrip tot verwerping", *Internationale Spectator*, November 1985.
29. Brief van B. van Kaam aan G.J. Schutte, 9 Februarie 1995 (Afskrif in besit van skrywer).
30. Bart de Graaff en Hub Kockelkorn, "Het beeld van Zuid-Afrika in Nederland, 1948-1963", p. 76.
31. *Het rassenvraagstuk - Herderlijk schrijven van de generale synode van de Nederlandse Hervormde Kerk. Aanvaard in haar vergadering van 19 november 1962* ('s-Gravenhage, 1963), pp. 22-23.
32. *Algemeen Handelsblad*, 6 November 1963; *NRC*, 6 November 1963.
33. *Die Burger*, 13 Desember 1963.

## 5. Kulturele revolusie

Die jare sestig in Nederland is gekenmerk deur'n kulturele revolusie. Dit was die era van vernuwing, modernisering en demokratisering. Die Kennedy-figuur was simbolies van die magsoorname van 'n nuwe generasie. Hierdie jare is gevolglik gekenmerk deur 'n gesagskrisis, 'n generasiekonflik en opstandigheid by die jeug. Die jongmense sou openlik in verset kom teen gesag, teen die "establishment".

Amsterdam het die hoofsentrum van die provobeweging geword, veral in die jare 1965 en 1966. In hierdie rumoerige jare het provogeskrifte die lig gesien waarin pleidooie gelewer is vir 'n vorm van anargisme.[34] Studente-opstande sou ook mettertyd volg. Die demokratiseringsproses sou daartoe lei dat die jeug medeseggenskap sou opeis in beleidsake. Die sestigerjare, met sy groter openheid en permissiwiteit, het veel "taboes doorbroken".[35] Tradisionele norme en waardes het onder sterk druk gekom. Sake soos vroue-emansipasie, aborsie, homoseksualiteit, vrye seksuele omgang, pornografie en dwelmmiddels het al hoe meer na vore gekom. Dit was ook die era van die moderne welsynstaat met al die destruktiewe kragte wat dit losgemaak het.

Nederland is ook oorspoel met die mode en kultuur van die Anglo-Amerikaanse wêreld. Von der Dunk het in dié verband spesifiek melding gemaak van die "bedwelmende invloed" van die televisie, "de nieuwe massahypnotiseur".[36] Vanweë die groeiende welvaart het steeds meer mense meer tyd vir afleiding gekry. Die nuwe massamedia het internasionale gebeure tot in die voorkamer gebring.

Dit was die jare van die diverse protesbewegings in die Nederlandse politiek. Buiteparlementêre aksies en politieke aksiegroepe het mode geword. Volgens Von der Dunk was "het communisme niet langer vijand nummer één, doch reactionaire of fascistische dictaturen".[37] (Die links-radikales en sosialiste het Suid-Afrika met sy apartheidspolitiek in hierdie kategorie geplaas).

Die jare sestig het verder in die teken gestaan van "deconfessionalisering", "ontzuiling" en "ontkerkelijking". Die Nederlandse samelewing is in 'n toenemende mate gekenmerk deur godsdienstige onverskilligheid en ontkerstening, veral vanweë sekularisasie.[38] W.J. du P. Erlank was gedurende die laat sestigerjare as Raad (Kulturele Sake) aan die Suid-Afrikaanse ambassade in Den Haag verbonde. Die volgende kenmerke van die liberalisme het hom onder meer in Nederland opgeval: die oordrewe klem wat geplaas is op die vryheid van die individu, die opvatting dat nasionalisme en patriotisme uitgediende begrippe is, die ondermyning van alle dissipline en die godsdienstige afvalligheid.[39]

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat Suid-Afrika en Nederland geestelik al hoe

---

34. Kees Snoek, *Nederland leren kennen* (Leiden/Antwerpen, 1989), pp. 75-77; H.W. von der Dunk, *Cultuur en geschiedenis. Negen opstellen* ('s-Gravenhage, 1990), pp. 136-138. Die betrokke opstel is getitel, "Tussen welvaart en onrust. Nederland van 1955 tot 1973".
35. Kees Snoek, *Nederland leren kennen*, p. 111.
36. H.W. von der Dunk, *Cultuur en geschiedenis. Negen opstellen*, pp. 132, 136. Die instelling van televisie in Nederland dateer terug na 1951. Suid-Afrika het eers in 1976 'n eie televisiediens gekry.
37. H.W. von der Dunk, *Cultuur en geschiedenis. Negen opstellen*, p. 140.
38. J.L. Heldring, "Nederland in de wereld 1945-1985", *Internationale Spectator*, Desember 1985, 770.
39. W.J. du P. Erlank, *Die verhouding tussen Suid-Afrika en Nederland (persoonlike indrukke)* (Genl. J.B.M. Hertzog-gedenklesing V. SA Akademie, Pretoria, 1975), pp. 9-12. Kyk ook S. de Boer, "Nederland en de apartheidskwestie, 1948-1990" (Referaat, Rijksuniversiteit Utrecht, 1995), pp. 12-14.

verder uitmekaar gegroei het. Soos Schutte dit gestel het: "Bewoog Nederland zich in de richting van provo en permissive society, Zuid-Afrika verschanste zich in een conservatieve, nationalistische, patriarchaal-feodale burcht waar het verleden verheerlijkt en vernieuwing argwanend afgewezen werd".[40] Nederland het op kerklike en teologiese gebied ook ander ontwikkelinge deurgemaak as in Suid-Afrika. Volgens Schutte het Nederland in 'n geheel ander rigting beweeg as Suid-Afrika, "daar (in Zuid-Afrika) bleef de nadruk op nationalisme, conservatisme, een behoudend christendom, een anti-permissive patriarchale mentaliteit met koloniale trekken gehandhaafd".[41]

Dr Beyers Naudé het hierby aangesluit deur te verwys na "die groot agting wat in die Afrikaner se denke gekweek is vir die gesagsfigure en die gesagstrukture van die Afrikaner se volkslewe". Individuele kritiese denke is òf nie toegelaat òf nie verwelkom nie.[42] Allister Sparks het ook daarop gewys dat die Afrikaner se "personality-cult politics" voortvloei uit sy patriargale aard en outoritêr in wese is. Volgens Sparks het die Afrikaners "a nation of conformists" geword.[43] Die absolute teenpool dus van die Nederlandse samelewing.

**Internasionalistiese lewensuitkyk**

Die historiese ontwikkelingsgang van die twee stamlande het verder bygedra tot die vervreemding. G.D. Scholtz het daarop gewys dat ekonomiese faktore daartoe meegewerk het dat Nederlander en Afrikaner elk sy eie rigting ingeslaan het. Die Nederlanders het hulle van vroeg af op die handel en seevaart toegelê en een van die belangrikste seevarende volke ter wêreld geword. As 'n volk van seevaarders en kooplui het die Nederlanders uitgereik na die wêreld met die oog op die aanknoop van handelsbetrekkinge. Die Nederlander het dus 'n kosmopoliet geword. Hy sou die wêreld as sy woning inrig.[44]

Leopold Scholtz het ook die stelling gemaak dat Nederland van oudsher in die sentrum van die wêreldpolitiek verwikkel was. Die land is gedwing om sy grense fisiek en geestelik oop te stel: "Isolasie was nooit iets wat by Nederlanders ingang kon vind nie, eenvoudig omdat hul oorlewing van oopstelling afgehang het". As handelsvolk het die Nederlanders dus 'n internasionalistiese lewensuitkyk ontwikkel.[45]

Daarby het 'n sterk Europees-gesinde houding by die veeltalige Nederlanders posgevat. In 'n meningsopname wat in 1963 gemaak is, het dit geblyk dat die Nederlanders die beste Europeërs van almal was. Altesaam 87 persent van die ondervraagde Nederlanders het hulle toe uitgespreek ten gunste van 'n verenigde Europa.[46] Die invloedryke Nederlandse politikus en koerantman, dr J.A.H.J.S. Bruins Slot,[47] het hom reeds in die

---

40. G.J. Schutte, *De roeping ten aanzien van het oude broedervolk. Nederland en Zuid-Afrika, 1960-1990*, p. 52.
41. G.J. Schutte, *Nederland en de Afrikaners: adhesie en aversie. Over stamverwantschap, Boerenvrienden, Hollanderhaat, Calvinisme en apartheid*, p. 66.
42. "Apartheid: Was die Afrikaners bloot blindelingse navolgers?" *Insig*, Februarie 1995. Kyk ook Colleen Ryan, *Beyers Naudé: Pilgrimage of faith* (Cape Town, 1990), p. 73.
43. Allister Sparks, *The mind of South Africa. The story of the rise and fall of apartheid*, pp. 43, 127, 191.
44. G.D. Scholtz, "Nederlander en Afrikaner" (Ongepubliseerde manuskrip, 1970), p. 32.
45. L. Scholtz, "Twistende neefs raak dalk versoen", *Insig*, November 1990.
46. *Die Burger*, 18 Desember 1963.
47. Dr Bruins Slot was vanaf 1945 tot 1971 hoofredakteur van *Trouw*, die grootste Protestants-Christelike koerant in Nederland. Hy was ook van 1956 tot 1963 voorsitter van die Anti-Revolutionaire fractie in die Tweede Kamer.

vroeg vyftigerjare uitgespreek ten gunste van Europese integrasie.[48]

Die Nederlanders het ook, veral ná 1945, 'n duidelike afkeer gehad van nasionalisme: "Na die einde van die Tweede Wêreldoorlog, toe nasionalisme en etnisiteit deur die Nazi's tot 'n verskriklike Wagneriaanse klimaks gevoer is, was die reaksie só sterk dat die krag van dié faktor eintlik ontken is", aldus Leopold Scholtz.[49] Tobie Boshoff, Londense verteenwoordiger van *Die Burger*, vertel dat 'n Nederlander aan hom meegedeel het dat nou nog wanneer hy die woord "ras" of "nasie" hoor, "dan flits dit in sy brein: 'Tegen de muur'".[50] Volgens Boshoff het die manne van *Trouw* "die ewige pes" in De Gaulle van Frankryk. Dit was vir hom kenmerkend van hul geesteshouding teen nasionalisme.[51]

Met verwysing na hierdie anti-nasionale geestesingesteldheid, het Erlank daarop gewys dat talle ontwikkelde Nederlanders stel teenoor die begrip nasionalisme "'n vage soort Europeanisme, 'n nog vager soort internasionalisme, en, die vaagste van alles, 'n soort idealisties gestemde humanisme. Hulle opereer, net soos hulle liberalistiese leermeesters, met abstraksies, wat nêrens raakpunte het met die wêreld van ruimte en tyd waarin ons leef nie".[52]

Daarteenoor is die Afrikaner se identiteit in geestelike en geografiese isolasie gesmee. Hy het gevoel dat sy krag in isolasie lê. Vanweë sy geskiedenis het die Afrikaner 'n nasionalistiese lewensuitkyk ontwikkel. Hy het nasionalisme feitlik verheerlik en het 'n obsessiewe drang gehad om sy eie identiteit te behou. Die Afrikaner was dikwels genoodsaak om sy geledere te sluit en het daarom 'n kuddedier geword, wat hom binne sy eie nasionalistiese vesting beveilig het. Prioriteit nommer een vir hom was nog altyd die handhawing van sy eie geestesgoedere. Die Afrikaner se politieke denke is dus geslyp deur isolasie, selfbehoud en eksklusiwiteit.

Volgens Sparks het die "incipient self-obsession" 'n wesenskenmerk van Afrikanernasionalisme geword: "... a narrow, narcissistic, exclusivist nationalism intent on preserving its own little volk and isolating itself in its self-centred anxiety from the rest of mankind". Sparks het die wesensaard van Afrikanernasionalisme soos volg beskryf: "The self-centredness has remained, however, intensified by a history of struggle and suffering and a sense of persecution into a national narcissism, a massive preoccupation with the group self — with the exigencies of Afrikaner identity and self-determination and survival — which has become oblivious to the pain of others, blind to its own cruelty, devoid of empathy ..."[53]

## 7. Morele sendingsdrang

Die links-radikale groepe en sosialiste in Nederland het met hul protespolitiek aansluiting gevind by "het oude zendingsbesef." Nederland moes dus opnuut "ethisch gidsland worden en als agent van het wereldgeweten bekeuringen uitdelen". Die gidslandpolitiek beteken "mondiale betrokkenheid, die ook mondiale bemoeizucht kon worden genoemd". Die

48. *Een kleine eeuw kleine luyden: Grepen uit de geschiedenis van de ARP* ('s- Gravenhage, 1975), p. 64.
49. Leopold Scholtz, "Etnisisme: pasop vir sy groot verwoestingskrag," *Die Burger*, 3 November 1995. Kyk ook G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, Deel VIII, 1939-1948*, pp. 77-78.
50. *Die Burger*, 24 Desember 1963.
51. Brief van Tobie Boshoff aan P.J. Cillié, 1 Februarie 1964 (P.J. Cillié - versameling, US).
52. W.J. du P. Erlank, *Die verhouding tussen Suid-Afrika en Nederland (persoonlike indrukke)*, p. 10.
53. Allister Sparks, *The mind of South Africa. The story of the rise and fall of apartheid*, pp. 43, 129, 146, 187.

beweging het hom veral beywer vir die "sociaal zwakkeren" en die "underdog". Die links-radikales het hulle daarom met die revolusionêre bewegings in die Derde Wêreld vereenselwig.[54]

S.W. Couwenberg het ook daarop gewys dat die Nederlandse politiek, soos dié van Amerika, gekenmerk word deur "een sterk moralistische inslag en missionaire orientatie". Die Nederlandse nasionalisme het sedert die 19de eeu as grondslag gehad "een morele zendingsdrang, een nationaal roepingsbesef". In die jare sestig het Nederland hom geroepe gevoel om "in de wereld als gidsland in morele zin op te treden", veral ten opsigte van die kwessie van menseregte en demokrasie. Nederland sou, getrou aan die Hollandse koopmanstradisie, in universele terme dink. Volgens Couwenberg het die sosialistiese groepe in hul optrede ook blyke gegee van "een sterk belijdende, dogmatische, getuigende en moraliserende mentaliteit".[55]

Die morele sendingsdrang van Nederland het hom veral laat geld ten opsigte van die apartheidspolitiek. Wat buitelandse beleidsake betref, het die predikers en nie die kooplui nie die toon aangegee. Die Nederlandse regering het dan ook in die jare sestig 'n sterk afwysende standpunt teenoor die apartheidsbeleid ingeneem. In 1964, byvoorbeeld, het die Nederlandse regering met nadruk verklaar: "De Regering veroordeelt alle vormen van rassendiscriminatie, waar ook ter wereld". Die regering het gehoop om in Suid-Afrika groter begrip te verkry "voor de in Nederland levende gevoelens van bezorgdheid over de apartheidspolitiek".[56]

Schutte het dan ook opgemerk: "Het parmantig vermanende vingertje en de betweterig terechtwijzende toon waren inderdaad veelszins kenmerkend voor Nederlands omgang met Zuid-Afrika".[57] Ná 1960 het Nederlanders toenemend belanggestel in buitelandse sake, die probleme van die Derde Wêreld, veral wat die kwessie van menseregte betref. Hieroor het Schutte hom soos volg uitgelaat: "Daarbij leefden oude tendenties weer krachtig op: de dominee met z'n opgestoken vingertje werd de personificatie van de sterk ethisch geladen, moraliserende benadering van de wereldproblematiek door de gemiddelde Nederlander". Volgens Schutte "vormen humanitaire, ethische overwegingen de wezenlijke grondslag voor de Nederlandse afwijzing van de apartheid".[58]

Die universele aard van die humanisties-Christelike denke het tot uiting gekom in die opvattings van *Trouw* se hoofredakteur, dr Bruins Slot, veral ná sy ommeswaai in 1961. Hy sou die beeld van die Masedoniese man (Handelinge 16:9) ook op die politiek van toepassing maak: "Het gaat in de Christelijke politiek primair niet om iets nationaals, maar om de wereld ... De Macedonische man, die Paulus riep, is de roepende wereld. Daarom mogen wij ons nooit vastbijten in bepaalde nationale of historische posities". Bruins Slot het geglo dat die Christelike politiek hom op die wêreld moes rig en nie op volksdele, klasse of op

---

54. H.W. von der Dunk, *Cultuur en geschiedenis. Negen opstellen*, pp. 139-141.
55. S.W. Couwenberg, "Nationaliteit en nationalisme. Bron van integratie en desintegratie" (Ongepubliseerde manuskrip, Rotterdam, 1993), pp. 26-31.
56. *Koninkrijk der Nederlanden. Jaarboek van het Ministerie van Buitenlandse Zaken 1964-1965* ('s-Gravenhage), p. 5.
57. G.J. Schutte, *De roeping ten aanzien van het oude broedervolk. Nederland en Zuid-Afrika, 1960-1990*, p. 55.
58. G.J. Schutte, *Nederland en de Afrikaners: adhesie en aversie. Over stamverwantschap, Boerenvrienden, Hollanderhaat, Calvinisme en apartheid*, p. 209.

volke nie.[59]

Bruins Slot het in een van sy laaste toesprake, 10 September 1971, na aanleiding van die episode van Paulus en Silas in die tronk in Filippi (Handelinge 16:28), die begrip "allemaal" benadruk: "Het gaat niet om het heil van onszelf alleen, maar om dat van de wereld. Om allemaal".[60] Die sending en die Christelike politiek "zijn beide gericht op de wereld als geheel. De een verkondigt het Evangelie; de ander tracht het Evangelie voor de wereld als geheel in de staatkundige praktijk gestalte te geven".[61]

Die Afrikaner, wat nog altyd 'n fyngevoeligheid vir kritiek geopenbaar het, sou dié houding as ongevraagde, beterweterige inmenging in die huishoudelike sake van Suid-Afrika veroordeel. Die feit dat die Nederlanders as morele kruisvaarders in die wêreld sou optree, het hulle nie juis geliefd gemaak by die Afrikaners nie.

## 8. Bruins Slot se ommeswaai

Nederlandse Gereformeerde politici was nog in die laat vyftigerjare gekant teen die oordrag van Nieuw-Guinea aan Indonesië. Die Gereformeerde politici (Anti-Revolutionaire Partij) wou Nederland se gesag ten alle koste handhaaf en was nie bereid om oor die oordrag te onderhandel nie. Gesprekke met die "zendingsmensen", soos dr J. Verkuyl, sou egter onder meer bydra tot Bruins Slot se ommeswaai. Hy het gaandeweg tot die oortuiging gekom dat militêre optrede nie die oplossing was vir die Indonesiese vraagstuk nie. 'n Visie van Christelike politiek het by hom begin posvat. Daarom het dit hom teen die bors gestuit dat Nederlandse en Indonesiese Christene gewapend teenoor mekaar stelling inneem. Verdere bloedvergieting moes dus voorkom word. Op 3 Oktober 1961 "bepleitte Bruins Slot met'n duidelijke trilling in z'n stem een gesprek met Indonesië zonder condities vooraf. Het was doodstil toen in de (Tweede) Kamer". Vir hom en die AR-partyleiding het Nederland se koloniale taak tot 'n einde gekom.[62] Hierdie koerswysiging "was een donderslag bij heldere hemel".[63]

Soos Bruins Slot dit self in sy outobiografie gestel het: "Je moest van de feitelijke onmogelijkheid van je politiek komen tot de erkenning van de principiële onaanvaardbaarheid van je politiek. Dat betekende dat je oog moest krijgen voor de eigen rechten der Indonesiërs, voor de principiële onaanvaardbaarheid van het kolonialisme, voor het erkennen dat één mens of een groep mensen niet heer is over anderen ...".[64]

Volgens Van Kaam was "de politieke heroriëntatie van Bruins Slot te merken in vrijwel al zijn opvattingen in de jaren zestig. Dat hy eerder dan andere Nederlandse kranten de Amerikaanse Vietnam-politiek veroordeelde, had ermee te maken, evenals zijn benaderingswijze van ... de apartheidspolitiek (ook dat is 'n hele ontwikkeling geweest) ...". Hy het elke vorm van rassediskriminasie verwerp en sy veroordeling van apartheid was so skerp dat dit sy blad lesers gekos het. Van hom kan gesê word dat hy "bij het ouder worden hoe langer hoe progressiever werd".

---

59. J.A.H.J.S. Bruins Slot, ... *en ik was gelukkig: Herinneringen* (Baarn, 1972), pp. 10, 20, 42. (Verhaal vooraf deur Ben van Kaam).
60. J.A.H.J.S. Bruins Slot, ... *en ik was gelukkig: Herinneringen*, pp. 46-47.
61. J.A.H.J.S. Bruins Slot, *Kleine partij in grote wereld* (Kampen, 1963), pp. 7, 9, 115-116, 118, 121.
62. J.A.H.J.S. Bruins Slot, ... *en ik was gelukkig: Herinneringen*, pp. 10, 13, 19, 37-41.
63. *Een kleine eeuw kleine luyden: Grepen uit de geschiedenis van de ARP* ('s- Gravenhage, 1975), pp. 70-71.
64. J.A.H.J.S. Bruins Slot, ... *en ik was gelukkig: Herinneringen*, p. 202.

Premier Biesheuvel het in sy huldeblyk na Bruins Slot se dood in 1972 gesê dat hy in sy geskrifte "de contouren van een evangelische politiek" getrek het, "uitgaande van de gedachte van wereldwijde solidariteit met de zwakken, verdrukten en hongerigen". Volgens Van Kaam het beide Bruins Slot en sy geesgenoot, Beyers Naudé, uit hul isolasie-denke gebreek: "En voor de een zowel als de ander had dat te maken met de herkenning van de mens van 'n andere nationaliteit en 'n andere huidskleur als broeder in Christus. Daarmee werd de eigen nationaliteit en het eigen ras minder beduidend".[65]

In aansluiting hierby het die Nederlandse Hervormde Kerk in 'n herderlike skrywe die volgende beklemtoon: "In Jezus Christus vinden mensen van verschillende volken en rassen elkaar als naar Gods beeld geschapen en in het heilsplan van God opgenomen mensen. Dan is rasdiscriminatie uitgesloten. Het rasverschil is niet meer dominerend ... Als het om het menszijn gaat, zullen wij moeten leren ... dat de kleur van het hart belangrijker is dan de kleur van de huid".[66]

Bruins Slot, wat groot invloed uitgeoefen het in die Nederlandse politiek en joernalistiek, het Nederland in 1966 by 'n seminaar van die Verenigde Nasies oor apartheid in Brasilië verteenwoordig. Sy afkeer van apartheid was so intens dat hy by daardie geleentheid verklaar het "that the racial conflict in South Africa contains the germ of an international racial conflict, and therefore constitutes a threat to international peace and security ...". Hy het gevolglik "effective international political, economic and cultural pressure" teen Suid-Afrika bepleit.[67] Die uiteinde van die saak was dat 'n visum aan Bruins Slot geweier is om Suid-Afrika in 1967 te besoek.[68]

## 9. Die taalverskil

Die taalverskil tussen Nederlands en Afrikaans het die vervreemdingsproses verder geaksentueer. B.J.H. de Graaff het daarop gewys dat "Nederlanders en Afrikaners over en weer elkaars taal verstaan zonder die werkelijk te begrijpen. En vaak niet de moeite nemen om die te willen leren begrijpen".[69]

Piet Cillié was van oordeel dat die taalmoeilikhede, -irritasies en -misverstand in die onderlinge verkeer nie onderskat moet word nie: "Ons moet met mekaar langsaam en duidelik praat en ons terme goed definieer. Die Nederlander moet die gevoel te bowe kom dat die Afrikaner, omdat hy so 'n bietjie soos 'n Nederlandse kind praat, uiteraard onvolwasse en afwykend in sy denke moet wees, terwyl die Afrikaner, wanneer die Nederlander vir hom so hoogdrawend en aanmatigend klink, weer moet onthou dat dit geen bose opset is nie: die Nederlander praat nou eenmaal Nederlands en nie Afrikaans nie! ... Die nabyheid van die twee tale, so eenders en tog so anders", kan volgens Cillié "die aanleiding word tot 'n wedersydse ongeduld wat die verskille ook op ander gebiede oordryf.

---

65. J.A.H.J.S. Bruins Slot, ... *en ik was gelukkig: Herinneringen*, pp. 11, 16, 20, 45.
66. *Het rassenvraagstuk - Herderlijk schrijven van de generale synode van de Nederlandse Hervormde Kerk. Aanvaard in haar vergadering van 19 november 1962* ('s-Gravenhage, 1963), pp. 20, 25.
67. Working Paper, submitted by Dr J.A.H.J.S. Bruins Slot, participant in the United Nations Seminar on 'Apartheid' at Brasilia from 23 August to 5 September 1966 (Archief dr J.A.H.J.S. Bruins Slot, Historisch Documentatiecentrum voor het Nederlands Protestantisme, Vrije Universiteit, Amsterdam). Die 5de September is 'n vergissing van Bruins Slot; dit moet 4 September wees.
68. *Die Burger*, 22 Maart 1967, 23 Maart 1967, 24 Maart 1967, 25 Maart 1967, 30 Maart 1967, 31 Maart 1967; *Trouw*, 23 Maart 1967, 1 April 1967.
69. B.J.H. de Graaff, *De Mythe van de stamverwantschap. Nederland en de Afrikaners 1902-1930*, p. V.

Dan word die taalverwantskap 'n hindernis eerder as 'n hulp vir onderlinge begrip. Dit kos inderdaad 'n wilsinspanning om deur te breek na die gemeenskaplike grond".[70]

In 'n latere skrywe het Cillié weer eens verwys na die verdelende uitwerking wat die taalverskil kan hê: "Die presumpsie dat Afrikaners en Nederlanders mekaar beter behoort te verstaan omdat hulle tale praat wat onderling min of meer verstaanbaar is, kan lei tot groter misverstand in stede van begrip ... Die indruk van trotse betweterigheid wat Afrikaners dikwels in hul kontak met Nederlanders ervaar, word versterk deurdat Nederlands in die ore van ouer Afrikaners vaagweg herinner aan die vroeëre 'kanseltaal' van ons dominees. Die ergerlike gevoel kom op: 'Hulle preek mos nou vir ons!' Aan die Nederlandse kant is daar weer 'n soms geamuseerde indruk dat Afrikaans, met sy gebrek aan grammatika en sy gemeensame gang, eintlik 'n soort kindertaal is".[71]

Prof dr J. Waterink van Amsterdam het hom as volg uitgelaat oor die taalverskil: "... en het is mij meermalen gebleken, dat bepaalde uitdrukkingen, die in het zuidafrikaans gebruikt worden, door nederlanders volkomen verkeerd worden begrepen. Het gebruiken van deze uitdrukkingen leidt dan ook gemakkelijk tot misverstand". Dit het tot gevolg dat selfs amptelike Suid-Afrikaanse inligtingstukke wat in die buiteland versprei word, meermale hul doel mis.[72]

Toe *Trouw* en *Die Burger* in 1963 besluit het om bladsye te ruil oor die apartheidspolitiek, is besluit om die artikels te vertaal. *Trouw* se artikels sou dus in Afrikaans in *Die Burger* verskyn, terwyl *Die Burger* se artikels in Nederlands in *Trouw* sou verskyn. Volgens Cillié het die jonger lesers van *Die Burger* nie meer Nederlands verstaan nie, terwyl drs J. Klatter van *Trouw* daarop gewys het dat die huidige geslag jongmense in Nederland nie meer Afrikaans begryp nie en ook nie meer bereid is om dit te lees nie.[73]

Die kulturele betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika, en spesifiek "het uiteengroeien van het nederlands en het afrikaans", was die onderwerp van 'n simposium wat op 14 November 1964 onder beheer van die Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging (NZAV) gehou is. Prof dr G. Stuiveling van Amsterdam het by daardie geleentheid verwys na die feit dat *Trouw* nie sy weg oopgesien het om 'n Afrikaanse teks te publiseer nie: "Dat is een bewijs, dacht ik, van een stadium van vervreemding, dat we misschien wel kunnen betreuren, maar dat we niet kunnen ontkennen".[74]

## 10. Spanning tussen ideaal en werklikheid

Die maandblad, *Zuid-Afrika*, wat deur die NZAV uitgegee word, het in 'n belangwekkende artikel daarop gewys dat die dialoog tussen *Trouw* en *Die Burger* as voorbeeld dien van die spanning tussen ideaal en werklikheid en dus van "een dergelijk langs elkaar heenpraten". In diskussies oor Suid-Afrika kom die Nederlanders graag met morele argumente vorendag, naamlik dat apartheid strydig met hul opvattings oor rassegelykheid is en daarom verwerplik is.

Hierdie moraliserende benadering kan verklaar word uit die volksaard van die Nederlander: "In de politiek pre-occuperen wij ons bij voorkeur met beginselen en hoge

70. P.J. Cillié, "Zuid-Afrika, Nederland en de Wereld" (*Zuid-Afrika*, Mei 1965), p. 80.
71. Brief van P.J. Cillié aan H.O. Terblanche, 25 Mei 1994 (In besit van skrywer).
72. Brief van J. Waterink aan P.J. Cillié, 6 November 1963 (P.J. Cillié - versameling, US).
73. *Verslag Symposium - NZAV* (Amsterdam, 1967), pp. 27, 50-51.
74. *Verslag Symposium - NZAV* (Amsterdam, 1967), pp. 31, 44.

idealen. Voor factoren als macht, eigenbelang en zelfbehoud hebben wij minder oog". Volgens *Zuid-Afrika* belemmer hierdie benadering dikwels 'n vrugbare gesprek met Afrikaners: "Wij zien onze gesprekspartners als granietkoppen die zich tevergeefs in bochten wringen om onze morele bezwaren te ontzenuwen. De Afrikaners beschouwen ons als belerende zedenmeesters, die geen rekening houden met de realiteit en de onvolmaaktheid van deze wereld". Vandaar die "langs elkaar heenpraten".

By die Afrikaner gaan dit volgens dié blad, in die eerste plek om die handhawing van sy eie taal, kultuur en tradisies. Op politieke gebied gaan dit dus om die behoud van die identiteit van die Afrikanervolk. 'n Oop gesprek en dialoog met die Afrikaner kan alleen sinvol wees as dit hierdie werklikheid aanvaar. In die woorde van *Zuid-Afrika*: "Maar wie in een discussie de drang tot zelfbehoud en de emotionele kracht van het nationalisme verwaarloost, en zich louter op ethisch vlak beweegt, verliest contact met de onvolmaakte werkelijkheid en beoefent ... de 'cult of unreality'".

'n Diskussie kan wel gevoer word oor die posisie van die Kleurlinge, die Bantoestans en klein-apartheid, omdat die aspekte nie die wese van die Afrikaner en sy voortbestaan regstreeks raak nie. Die Afrikaner is dus wel bereid om 'n debat te voer oor die praktiese implementering van die apartheidsbeleid: "Maar houdt hem geen beginselen voor die bij consequente toopassing zouden leiden tot zelfvernietiging van de Afrikaner-natie. Hij zal ons verwijten dat wij, zonder kleurprobleem, ons de luxe van die beginselen gemakkelijk kunnen veroorloven. Hij niet". Die Afrikaner sou dus nooit toestem tot 'n beleid wat die ondergang van die Afrikanervolk tot gevolg sou hê nie, aldus *Zuid-Afrika*.[75]

Hierdie spanning tussen ideaal en werklikheid het duidelik geblyk uit die debat wat gevoer is tussen *Trouw* en *Die Burger*. Volgens Aat Kaptein was die tragiek van die debat dat dit gevoer word op totaal verskillende vlakke: "Die *Trouw*-mense roep vanuit die wolke waarin die ideale woon. *Die Burger* praat vanuit die omheining waarin na veiligheid en selfbehoud gestreef word". Talle briefskrywers van *Die Burger* het daarop gewys dat *Trouw* in sy idealisme nie voldoende rekening gehou het met die sondige aard van die mens nie. *Trouw* is verwyt omdat hy "'n soetsappige humanistiese broederskap" verkondig het. Daar is verwys na *Trouw* se "simplistiese, ondialektiese ideaalsiening van die aktualiteit ...". In antwoord hierop het prof W. de Vos dit baie duidelik gestel dat die Afrikanervolk nie bereid is om nasionale selfmoord te pleeg nie: "Ons staar die dood in die oë ... U preek vir mense wat lewe met die mes op die keel".[76]

## 11. Koloniale erfenis

Nederland se koloniale erfenis het tot skuldgevoelens gelei wat bepaald bygedra het tot die vervreemdingsproses. Koningin Beatrix het op 'n staatsbesoek aan Indonesië in Augustus 1995 verklaar dat die Indonesiese onafhanklikheidstrewe "veel pijn en bittere strijd heeft gekost" en dat dit die Nederlanders "bijzonder droevig" gestem het, veral omdat Nederland aanvanklik nie bereid was "het Indonesische streven naar volledige en onmiddellijke onafhankelijkheid te accepteren". Beatrix het verder gesê dat daar "weinig aandacht bestond voor de kracht van het verlangen naar onafhankelijkheid dat voor de oorlog sterk opkwam

75. "Moraliseren over Zuid-Afrika" (*Zuid-Afrika*, Februarie 1965).
76. H.O. Terblanche, "Kritiese dialoog tussen stamverwante. Die paginaruil tussen *Trouw* en *Die Burger*, 1963-1964" (Ongepubliseerde manuskrip, Port Elizabeth, 1997), pp. 103-106, 202-204.

bij de Indonesische bevolking".[77]

Hierdie selfde argument is ook deur *Trouw* gebruik in sy debat met *Die Burger*. Bruins Slot het die stelling gemaak dat die Nederlandse regering hom destyds vergis het deurdat die Indonesiese nasionalistiese beweging as kommunisties gebrandmerk en daarmee verbied is. Die vreedsame emansipasie van die Indonesiese volk is daardeur in die wiele gery. In die lig hiervan het Bruins Slot hom afgevra of daar in Suid-Afrika nie ook soms 'n vergissing is oor wie die werklike leiers van die bevolking is nie? Hy het die Suid-Afrikaanse regering dit ten kwade gedui dat hulle nasionalisme met kommunisme verwar. Suid-Afrika se probleme kan alleenlik deur middel van 'n gesprek opgelos word.[78]

Bruins Slot het reeds in 1964 vir Mandela beskou as die ware leier van die swart bevolking en het 'n pleidooi gelewer dat Mandela vrygelaat moet word en dat die regering met hom in gesprek moet tree.[79] Dr Verwoerd het Mandela en die ander swart leiersfigure wat met die Rivonia-verhoor tot lewenslange tronkstraf gevonnis is, egter as "communistic criminals" beskou, wat "a communist-orientated government" tot stand wou bring.[80]

Na die likwidasie van sy laaste koloniale besittings in die Ooste het Nederland 'n prinsipiële ommekeer gemaak en 'n sterk kampvegter geword vir anti-kolonialisme. Gedrewe deur 'n koloniale skuldbesef het Nederland stelling ingeneem teen Suid-Afrika se apartheidsbeleid wat gesien is as 'n vorm van interne kolonialisme.

Die Nederlandse Wesindiese ryksgebiede, Suriname en die Antillen, het sedert 1959 aangedring op 'n meer kritiese Nederlandse houding ten opsigte van die apartheidsbeleid en dat Nederland hom in die VN skerper moet uitdruk teen Suid-Afrika. Die Nederlandse Minister van Buitelandse Sake, mnr Luns, het toe beloof dat hy in die toekoms meer rekening sou hou met dié ryksgebiede se opvattinge. In 1961 was Nederland dan ook die enigste Westerse land wat in die VN gestem het vir 'n resolusie waarin 'n toespraak van die Suid-Afrikaanse Minister van Buitelandse Sake, mnr Eric Louw, afgekeur is. Hierdie stap is gesien as 'n deursigtige poging van Nederland om die guns te wen van die Afro-Asiatiese blok, ten einde hul steun te verwerf vir Nederland se beleid ten opsigte van Nieuw-Guinea.[81]

Nadat Nieuw-Guinea in 1963 aan Indonesië oorgedra is, was daar op baie vlakke groeiende toenadering tussen Nederland en Indonesië. Die diplomatieke betrekkinge tussen dié twee lande is weer in 1965 formeel herstel. Die feit dat Nederland begerig was om die betrekkinge tussen beide lande te normaliseer, het uiteraard beteken dat Nederland meer krities en afsydig teenoor Suid-Afrika moes optree. Daarby het Indonesië in 1963 alle handelsbetrekkinge met Suid-Afrika verbreek en sy hawens vir Suid-Afrikaanse skepe gesluit. Hierdie stap is uit proses teen apartheid geneem.[82] Nederland se eie belange het dus gedikteer dat dié land, ten spyte van die bande van stamverwantskap, 'n Voortrekkerrol moes speel in die stryd teen apartheid.

---

77. *NRC Handelsblad Weekeditie voor het buitenland*, 22 Augustus 1995.
78. *Die Burger*, 26 November 1964.
79. *Trouw*, 11 Julie 1964, 27 November 1964.
80. H.H.W. de Villiers, *Rivonia: Operation Mayibuye* (Johannesburg, 1964), pp. 55-56.
81. Rob Rozenburg, *De bloedband Den Haag - Pretoria. Het Nederlandse Zuid-Afrikabeleid sinds 1945* (Amsterdam, 1986), pp. 16-18.
82. *Die Oosterlig*, 19 Augustus 1963.

## Slotbeskouing

Die vervreemding wat tussen Suid-Afrika en Nederland ingetree het, sou 'n kenmerk van die bilaterale betrekkinge gebly het solank as wat die Suid-Afrikaanse regering met sy apartheidsbeleid volhard het. Feit van die saak is, Suid-Afrika was vanweë die bande van stamverwantskap hiper sensitief vir enige kritiek vanuit Nederlandse oord. Die feit dat die Suid-Afrikaanse Eerste Minister, dr H.F. Verwoerd, in Nederland gebore is, is 'n faktor wat beslis in ag geneem moet word. Verwoerd was dogmaties in sy vasberadenheid om nie toe te laat dat die buitewêreld enigsins aan Suid-Afrika voorskryf nie. Enige inmenging in Suid-Afrika se huishoudelike sake is deur hom kategories verwerp. Vir Nederlandse kritiek sou hy besonder gevoelig wees, veral vanweë sy eie herkoms. Verwoerd het byvoorbeeld op 16 September 1964 in 'n toespraak dit duidelik gestel dat Suid-Afrika nie sal toelaat dat die verwantskap met Nederland aanleiding sou gee tot inmenging in die Republiek se huishoudelike sake nie.[83]

Die Nederlandse Ambassadeur in Suid-Afrika, H.A. Helb, het dit dan ook duidelik gestel dat die verhouding tussen Nederland en Suid-Afrika sterk beïnvloed word deur emosionele oorwegings: "Zuid-Afrika is meer dan oorgevoelig voor critiek vanuit Nederland, zelfs al is deze zakelijk bedoeld. Juist omdat deze critiek uit het stamverwante Nederland komt, voelt de gemiddelde Zuid-Afrikaner zich ten sterkste gegriefd en dit brengt dan bijna automatisch een vijandige reactie teweeg". Helb was ook die mening toegedaan dat die feit dat Verwoerd in Nederland gebore is die saak sou kompliseer. Want Verwoerd is by wyse van spreke "de laatste persoon om concessies te maken ten aanzien van verzoeken uit Nederland, nog afgezien van het feit dat concessies in de conceptie van deze 'hoofdige Boer' al moeilijk passen".[84]

Verwoerd het in 1966 nie lank voor sy dood nie in 'n onderhoud met 'n Nederlandse skryfster verklaar dat hy meer begrip van die Nederlandse regering verwag het. Hy kon dit nie begryp nie "dat juist zovele Nederlanders, wier taal de moeder van het Afrikaans was, wier voorvaderen ook die van vele Zuid-Afrikaners waren, die zovele van dezelfde karaktereigenschappen als de Zuid-Afrikaners van het voorgeslacht hadden geërfd, zich op de meest ongebreidelde haatcampagne hadden geworpen". Heel raad-op het hy gevra: "Waarom is uw land toch zo tegen ons! Hebben wij, uw mede-blanken, dan géén recht op leven en op ons bestaan?". Verwoerd het bygevoeg dat "niets zou mij liever geweest zijn dan in goede verstandhouding met Nederland te leven. Maar zonder het minste begrip voor de interne problemen van ons land is dat onmogelijk".[85] Feit van die saak bly, solank as wat Suid-Afrika apartheid toegepas het, sou hy tevergeefs hoop op Nederlandse steun, begrip of simpatie.

Dr L.A.M. Lichtveld van Nederland het in Desember 1965 op 'n vergadering van die VN se spesiale politieke komitee die volgende veelseggende opmerking gemaak: "Dit is vir Nederland pynlik om te besef dat apartheid toegepas word deur mense wie se ontstaan gedeeltelik deur die eeue heen na Nederland herleibaar is. Ons stel ons oortuiginge bokant alle bande van verwantskap".[86] Dít verklaar dan ook die ekstra venynigheid in Nederland se aanvalle op die apartheidsbeleid.

---

83. *Die Burger*, 17 September 1964.
84. Brief van H.A. Helb aan Nederlandse Minister van Buitenlandse Zaken, 11 November 1964 (Den Haag, Archief Ministerie van Buitenlandse Zaken, AMB. Pretoria, Map 1534).
85. Mary Pos, *Wie was dr. Verwoerd?* (Utrecht, 1967), pp. 130, 147.
86. *Die Burger*, 8 Desember 1965.

Die voormalige Nederlandse premier, mnr Ruud Lubbers, het by geleentheid gesê dat die woord apartheid vir Nederland altyd 'n "oop wond" was.[87] Hy het in 'n onderhoud ook daarop gewys dat daar by die Nederlanders groot bekommernis, betrokkenheid en 'n verlange was om te help om die apartheidsbeleid tot 'n einde te bring: "Ek glo nie dat die twee volke ooit reg teenoor mekaar te staan gekom het nie. So ver het dit gelukkig nie gekom nie. Daar was altyd ruimte vir 'n positiewe dialoog — ofskoon vir ons vanuit die beginsel: 'apartheid kan niet'".[88]

Uit Lubbers se standpunt is dit duidelik waarom die debat tussen Nederland en Suid-Afrika in die jare sestig nie werklik ontwikkel het tot 'n ware oop dialoog nie. Solank as wat die skaduwee van apartheid oor hierdie debat gehang het, sou dit maar slegs 'n skyngesprek gebly het en sou Nederlanders en Afrikaners vreemdelinge vir mekaar gebly het. Die kentering wat sedert 1990 ingetree het, staan in regstreekse verband met die beëindiging van apartheid. Daarom kon die verhoudinge tussen Nederland en Suid-Afrika sedert 1990 gaandeweg genormaliseer word, omdat die apartheidsbeleid nie meer 'n hindernis of 'n struikelblok was wat in die weg gestaan het van goeie verhoudinge of groter binding nie.

87. *Die Burger*, 11 Mei 1994.

88. *Die Burger*, 25 Februarie 1994.